# MOORD OP DIE AGTERKANT VAN DIE MAAN

★ ★ ★

Simon Rand Reeks (2)

★ ★ ★

Jef van Staden

Simon Rand en sy vriendin Nina du Toit gaan vir 'n stil en rustige vakansie na die eiland Madagaskar. Maar hulle het nie rekening gehou met die nuwe broeisel breinduiwels wat uit die dop gekruip het sedert hul vorige kragmeting met hierdie ongure kreature nie.

En die ondervindinge wat hierdie keer volg, laat die vorige soos kinderspeletjies lyk . . . Daar is 'n ruimteskip wat buite beheer raak en in 'n ewige wentelbaan deur die ruimte beland, daar is mense wat lewend op ys bewaar word vir die nageslag, daar is gammastrale wat alles verkool wat in hul pad kom, daar is besoekers van 'n verre planeet . . . en 'n verbete stryd tot die dood toe aan die agterkant van die maan . . .

## INHOUD


| *Hoofstuk* | *Bladsy* |
|---|---|
| 1. Moeilikheid op Madagaskar ... ... | 5 |
| 2. Dubbele Slag ... ... ... ... | 14 |
| 3. Wenk uit die Ruimte ... ... ... | 23 |
| 4. Reënkoningin ... ... ... ... | 33 |
| 5. Bevrore Toekoms ... ... ... | 41 |
| 6. Gevang—in die Ewige Sirkel ... ... | 51 |
| 7. Op Pad na die Grafkelder ... ... | 63 |
| 8. Vreemde Redders ... ... ... | 72 |
| 9. Kozak Klim in ... ... ... | 80 |
| 10. Nuwe Bedreiging ... ... ... | 89 |
| 11. Die Gammavlam ... ... ... | 97 |
| 12. Tweegeveg—tot die Dood ... ... | 103 |


Hoofstuk 1

## MOEILIKHEID OP MADAGASKAR

SIMON RAND en Nina du Toit lê uitgestrek soos twee dolfyne op die bottergeel sand. 'n Ligte brandertjie lek so nou en dan aan hul voete en wanneer die soutwater so aan hulle vat, beweeg die slanke liggame so effens en lê dan weer stil.

Die strale van die somerson is skerp, en afgesien van die reëlmatige gedruis van die branders is daar nie 'n geluidjie nie. Vir Rand en die aster voel dit asof selfs hul gegedagtes en emosies gaan staan het.

Ure lê hulle vandag al so—sy in 'n seegroen bikini, hy in 'n luiperdvel-broekie. Dis hul tweede dag op die fabelagtige strand van Paradyseiland wat soos 'n smarag in die Indiese Osean, ver noordoos van Durban, dobber.

Nina du Toit lig haar kop lui-lui en skud die sand uit haar blonde hare. Sy leun met haar ken op haar hand.

„Haai, ou dromer, braai jy lekker?" vra sy.

Hy draai effens en glimlag.

„Ek kook behoorlik soos 'n kreef." Hy rek sy liggaam. „Maar dis heerlik."

Rand se koperkuif swaai laag oor sy voorkop. Nina kan nie onthou wanneer sy hom laas so sorgloos gesien het nie—so volkome ingestel op hierdie helder oomblik van son, water en sagte sand.

Dis maar slegs 'n week gelede dat hulle 'n aanslag van die breinduiwels op Suid-Afrika help verongeluk het, en dit was net behoorlik afgehandel toe sit hulle af na Paradyseiland vir die vakansie waarvan hulle albei maande lank gedroom het.

En na twee dae op die idilliese eiland voel hulle uitgerus.

„Dit voel my soos 'n eeu gelede maar dis slegs 'n week

gelede dat ons nog so woes baklei het met die KOP se bende," sê Nina.
„Daardie spul is deeglik geblus," antwoord Rand. „Ek hoop net nie hulle steek elders kop uit nie. Ek wil my vakansie geniet."
Nina speel met 'n vinger in die sand.
Die beweging van haar vinger in die sand is meganies; daar is nie 'n beeld in haar bewussyn oor wat sy in die sand wil voorstel nie. Haar vinger eindig die beweging— en dan voel sy verbaas want sy het 'n groot vraagteken getrek.
„Simon, het jy vanoggend daar in die hotel die nuus oor die radio gehoor?"
„Wat se nuus?" vra Rand met min belangstelling.
„Dat die Amerikaners daarin geslaag het om 'n man die ruimte in te stuur. Hulle het gesê dat hy 15 minute in die ruimte was."
„Nee, ek het nie. Maar dis interessant." Rand kom nou orent en sit op die sand. Hy kyk ver die see in. Die glans op die blou see is so sterk dat hy sy oë amper moet toeknyp.
„Ons was net hard aan die gang met Zilda se bende toe Gagarin afgeskiet is. En hý het sommer lekker om die aarde geseil."
Rand steek vir hulle albei 'n sigaret aan en toe sê Nina:
„Veronderstel nou 'n nuwe werpsel breinduiwels slaag daarin om 'n ruimteskip in die hande te kry. Dink net aan al die verskrikking wat hulle dan sal kan saai."
Rand kyk haar skerp aan.
„Jy moenie voorspooksels begin maak nie. Jy weet die breinduiwels is net soos sampioen-spore. Jy sal hulle eintlik nooit regtig uitgeroei kry nie. Net soos die spore wag hulle ook net vir die regte samestelling van sonlig, vog en voedsel . . . en dan broei hulle uit."
Hy staan op. „Maar kom ons gee pad hier. Die son is nou darem te erg. Dis ook amper tyd vir middagete."
Hulle slenter terug na die hotel.
„Kom ons laat die breinduiwels links lê," sê Rand.



„Ek stem saam," antwoord Nina.
In die hotel verklee Rand hom en besluit dat 'n koue bier die aangewese ding is. Hy stap na die klein kroegie van die Oase-hotel en merk dat dit stampvol mense is. Hy soek vir hom 'n staanplekkie by die toonbank en bestel. Vroue het hier ook toegang tot die kroeë en die bonte verskeidenheid wat die plek vol staan, is opvallend, dink Rand.
Toe hy die groen-blou beker skuimende bier na sy mond bring, swaai Rand se oog oor die babbelende klomp om hom. Paradyseiland is 'n ware ontvlugtingsoord, dink hy. En as hy hulle so bekyk, dan sien hy minstens twee nyweraars met hoë bloeddruk, vyf getroude vroue wat sonder hul mans hier is en ses tam sakemanne wat hul tiksters ook saamgebring het.
Hy wil net besluit om nog 'n bier te bestel toe 'n tamaai gestalte van 'n man teen hom indruk sodat hy ook die aandag van die kroegman kan trek.
„Verskoon my, maat," sê die man met 'n pieperige stem wat glad nie pas by die afmetings van sy liggaam nie. Hy het 'n os-nek en sy vel skilfer eintlik op so het die son hom geslaan.
Hy kry sy drankie—'n rog-whisky met soda en begin eie te raak met Rand.
„Jy lyk 'n uitsondering hier. Jy lyk nie asof jy maagswere het nie," sê hy en stel homself voor as Ebbo Goodman, van Parktown, Johannesburg.
„Ek is Rand, Simon Rand. Ek ly aan plat voete."
Ebbo lyk effens geraak, neem 'n lang sluk whisky en toe het hy homself weer onder beheer.
„*Ek*" sê hy, „het hierheen gekom met die hoop om weg te kom van sulke wrakke soos hierdie klomp hier om ons."
En dadelik voeg hy by : „En my vrou."
Rand lag. Maar Ebbo lyk ernstig.
„Maar ek het dit nie reggekry nie."
Hy wink vir die kroegman en vra dan vir Rand : „Wat gaan jy drink?"

Rand kry nie kans om te besluit nie. Kort agter hulle verskyn 'n bleek vrou wat skynbaar mevrou Goodman is, want sy klap Ebbo met die plat hand tussen die blaaie en sê :

„So, dis waar jy vir my wegekruip! Ek soek na jou op die strand. Dag jy het verdrink."

Ebbo se swaar kop hang vooroor. Hy draai om. „Hallo, liefie," sê hy. „Ontmoet mnr. Rand. Mnr. Simon Rand."

„Aangenaam," sê Rand.

Mevrou Goodman, Emma Goodman, wil graag 'n groot pienk sjampanje hê, sê sy. Terwyl sy groot slukke neem, fynkam sy Rand met haar twee lepel-oë. Ebbo is nie baie gretig om verder te gesels nie en Emma vra Simon uit.

„Waar is jy tuis?" wil sy weet.

„Hier in die Oase-hotel," en toe verskoon hy hom en stap rats tussen die klomp in die kroeg deur.

Hy en Nina eet lekker aan die vars geelbek en toe gaan hulle volgens gewoonte op Paradys-eiland, in die hitte van die middag, lê vir 'n uurtjie van siesta. Rand voel so vakerig dat hy gou insluimer. Hy weet nie hoe lank hy weg was nie, maar toe hy vinnig wakkerskrik, sit mevrou Emma Goodman langs hom op die bed.

„Jy is sommer 'n ou *darling*," sê sy en Rand sien dat haar polse hardloop.

Net een swaai en hy staan op sy voete—en hy stoot haar by die deur uit. Hy gaan klop op Nina se deur, maak die deur op 'n skrefie oop toe hy nie reaksie kry nie. Sy slaap rustig.

Hy stap reguit na die klein kaaitjie, regs van die hotel waar visserbote en groterige vragskepe voorrade aflaai vir die klein bevolking van die eiland.

Sy oog val dadelik op die middelslag-vissersboot wat daar vasgemeer lê. Hy spring aan boord en kom op die kaptein af. Hy is 'n kort, middeljarige man met 'n borselkop en dit lyk vir Rand uit die staanspoor asof hierdie 'n matroos in die ware sin van die woord is.



„Middag, skipper," sê Rand en hy steek sy hand uit wat verdwyn tussen die groot vingers van die visser.

„Middag," sê kaptein Veldman. „Ja?"

„Ek soek werk—ek en 'n vriendin van my. Hoe lyk dit?"

Kaptein Veldman stoot die verspotte klein pet tot agter op die kruin van sy kop. Hy trek sy blou broek teen die vaatjie-maag op.

„Ek ry oor 'n uur. Madagaskar toe. Die vis byt goed. As jy en jou nooi bereid is om tuna te trek, sorg dat julle aan boord is. Ek sal julle 50 sent per dag betaal, plus kos en elkeen 'n slaapmat."

„Aangeneem," sê Rand . . .

Nina maak nog groot oë en wil 'n verduideliking hê, maar Rand is al by die deur.

„Ek gaan net gou regmaak met die hotel en dan vertrek ons dokke toe. Die oop see wag. Daar is niks te verduidelik nie. Ek wil net hier uit."

Teen sononder staan hy en Nina reeds bak agter die nette in die voorstewe van die *Gieljam* soos hulle die stokvisse en stompneuse intrek.

Die *Gieljam*, 'n visboot van sowat 300 ton, bly op die spoor van die groot vis en teen die derde dag nadat hulle van Paradys-eiland af weg is, kreun hy reeds onder die vrag.

„By watter hawe van Madagaskar gaan jy aandoen, Skipper?" vra Rand een oggend vroeg. Hy en kaptein Veldman staan alleen op die klein bruggie van die boot. Die Diesel-enjin klop tydsaam en die *Gieljam* kruip rustig oor die spieëlgladde water.

„Ek gaan Diego Suarez toe—bo aan die punt van die eiland. Dis die mooiste natuurlike hawe in die wêreld," antwoord hy. „Maar ons sal moet aandruk—daar is 'n storm aan die kom."

Rand merk hoe Veldman se oë op die oostelike horison bly. „Die storm broei net agter die rif," sê hy.

Rand sien niks en lyk skepties maar twee uur later spring die wit perde op die punte van die branders wat die

*Gieljam* rond en bont ruk. Veldman neem self die roer en eers laat die middag toe die ergste verby is en hulle reeds die bruin-rooi punte van die rante op die kom om die hawe van Diego Suarez kan sien, oorhandig Veldman weer die stuur aan 'n gewone lid van die bemanning.

Rand en Nina neem swaar afskeid van skipper Veldman. In die paar dae wat hulle aan boord van sy skip was, het hulle hierdie ruwe diamant van 'n seeman leer liefkry. Bedags het Veldman die elemente getrotseer en snags het hy en Rand in sy klein kajuitjie skaak gespeel. So het Rand ontdek hoe 'n fyn besnaarde man Veldman eintlik is.

„Jy is ramkat van 'n visser," sê kaptein Veldman aan Rand toe hulle groet. „Kom weer na my toe as jy lus het om 'n beroepsvisser te word."

„Dankie, Kaptein. Jy was 'n verkwikking ná Paradyseiland!"

„Wat bedoel jy?"

„Jy mors nie tyd om maagswere te maak nie."

Veldman lyk nou effens verwar, maar Rand glimlag net en toe laat hy en Nina vat.

„En wat nou? Wat moet ons nou eintlik op hierdie agterkant van die aarde doen?" vra Nina. „Die rit op die *Gieljam* was lekker maar hierdie plek geval my nie."

Kaptein Veldman het hulle op versoek van Rand eenkant, weg van die groot kaai, afgelaai want hy en Nina het nie visums om by die doeane verby te kom nie. En dis reeds grys skemer toe hulle elk met 'n ligte reistas die dorpie by die hawe Diego Suarez ingaan.

Hoewel hulle oorwegend Frans in die strate hoor praat, is daar ook nog 'n mengelmoes van inheemse Naturelletale, Chinees en Engels. En vir hulle klink dit soos 'n oorblyfsel van die toring van Babel.

By die Hotel De Paris wat teen 'n bultjie lê vanwaar 'n mens oor die hawe kan sien, kry hulle twee kamertjies. Hulle drink elkeen 'n konjak wat uit suikerriet gestook is, en na 'n ryk Franse maaltyd, bestaande uit gebraaide perdeboud en aspersies, spring hulle in die bed.



Hulle roer vroeg en besluit om die oggendmark te besoek. Daar word alles te koop aangebied—van blou ape tot borsrokke, van wilde als tot wierook-stokkies.

Hulle verkyk hulle aan die bonte gemaal en dan val Rand se oog op die Malgas-naturel met die skotskar wat getrek word deur Madagaskar se bekendste simbool, 'n rooibruin bees met 'n yslike skof.

En toe Nina haar weer kom kry, sit sy en Rand op 'n sak graan in die middel van die stampende skotskar, die naturel stap langs die os en piets hom nou en dan met 'n lat—en hulle koers die binneland van Madagaskar in.

„Wat se bevlieging sal jy nie nog kry nie!" mompel Nina terwyl sy die stof uit haar oë vryf. „Ek voel asof ek deur 'n vleismeule draai." Rand lag. „Hou maar bietjie uit; dis darem beter as die Oase-hotel—of hoe?"

Die naturel kan hom maar skraps behelp met 'n soort brousel van Engels en Frans, maar Rand het tog by hom verneem dat hy op 'n plaas vir 'n Franse boer werk en toe beduie hy verder dat die Fransman soms vakansiegangers huisves.

Die maanhaar-paadjie kronkel tussen hoë berge deur. Hier en daar staan 'n piek wat 'n uitgedoofde vulkaan huisves. Toe sak hulle op 'n rivier af.

Die steekhaarbrak van die Malgas draf voor en toe hulle naby die drif kom, spring die hond die water in. Die skotskar skommel net teen die bultjie af, toe die Malgas sy arms in die lug gooi en vooruit storm.

Rand spring af en sit hom agterna en is net betyds om te sien hoe 'n yslike krokodil die hond gryp. Rand ruk die houtspies met die tuisgemaakte lem uit die hand van die Malgas. Die water is vlak en die krokodil is net op die punt om met die hond in sy bek te duik toe Rand die spies agter sy blaaie indryf. Die reptiel dril, laat die brak los en toe dop hy om en dryf bo-op die water.

„Soos jy met 'n spies kan gooi, lyk dit vir my asof jy jou roeping gemis het," sê Nina wat op die wal kom staan het.

„'n Terugflits na die oer-verlede," sê Rand en hy skud die water uit sy broekspype. Die naturel sleep die dooie

krokodil uit en gooi hom op die skotskar en hulle hervat die reis.

Dis reeds sononder toe hulle op die plaas van die Fransman aankom. Hy praat redelik goed Engels en bied Rand en Nina elkeen 'n netjiese rondawel aan. Hy en sy vrou se kok sal ook vir die gaste sorg, beloof hy. Hulle kan bly so lank hulle wil.

„*Ci'est bon*," antwoord Rand en toe maak hy en Nina hulle tuis. Hoewel die plaas maar sowat 20 myl van Diego Suarez lê, is die wêreld nog wild en woes hier. Die plaas lê in 'n vallei langs 'n taamlike groot rivier. Die Fransman boer met pynappels en suikkerriet en vertel hulle dat hy voorheen 'n dokter in Bordeaux was.

Dieselfde aand terwyl Rand en Nina in 'n rondawel ontspan, hoor hulle skielik 'n harde knal. Toe hulle by die onderdeur uitkyk, is hulle net betyds om te sien hoe die boer 'n tamaai vampier langs 'n boom optel. Die vampier lyk nes 'n vlermuis maar hy is so groot soos 'n uitgegroeide kalkoen met vlymskerp tande.

„Hier is baie van die goed," sê *monsieur* Merces. „Ek skiet elke week gereeld een of twee dood."

Nina gril vir die ondier wat hy in sy hande hou en sy besluit sy gaan nie hou van hierdie vakansieoord nie. Maar Rand paai haar en die volgende dag stap hulle sorgeloos al langs die rivier af. Hulle het 'n voorraad voedsel gebring en smul ook lekker aan wilde pynappels en kort vet piesangs wat in die veld groei.

Die rivier kom met 'n boog by 'n groot berg en hulle merk dat dit deur die berg tonnel. Oral op die sandbanke is daar tekens van vars krokodilspore, kleintjies en grotes.

Hulle rus aan die bek van die tonnel. Daar is nie 'n teken van ander mense in die omgewing nie.

„Wie het kon dink dat ons hier sal kom vakansie hou?" sê Nina terwyl sy teen 'n rots gaan sit.

„Onbeplan deur 'n toeristeburo en die lekkerste wat ek nog beleef het. Wys jou net, soms is die verassings wat jy jou self gee, die beste vakansie."



Hulle sit lank so stil daar en drink die natuurskoon in. Dis Rand wat eerste opstaan. Hy stap tot by die bek van die tonnel. Die rivier is nie baie vol nie, sodat aan albei oewers oorgenoeg loopplek is op die sandbanke.

„Wonder hoe ver loop hy so onder die berg deur," sê hy vir homself.

Maar Nina hoor dit. „Toe maar, ek ken jou. Kom ons gaan kyk hoe lyk dit binne," sê sy.

Hulle maak twee sterk fakkels van pynappelblare en rooigras, steek hulle aan en verdwyn in die tonnel.

'n Groot krokodil spring verskrik die water in toe hy die twee vlamme sien en Nina gryp Rand aan die arm.

„Dis aaklig hier binne," sê sy. „Kyk net hier bokant jou."

Rand kyk, en sien net vlermuise fladder. Hy reken daar moet duisende wees wat bedags hier skuil. Maar hy stap aan met Nina kort op sy hakke.

Die rivier kronkel en swaai. Hulle kruip om haarnaalddraaie en Rand trap een keer op die rug van 'n krokodil en so byna is sy voet onder hom uit toe die reptiel die water induik.

Hulle vorder 'n goeie myl en Rand begin sterk te dink aan terugdraai want die fakkels begin uitbrand. Hulle kom by 'n draai waar die sandbanke doodloop en die rotswande soos draaktande opstaan sodat die water net kan deurkom.

„Hier sal ons moet dassie speel," sê Rand. „Die ander kant kan nie te ver wees nie. Ek sal eerste gaan."

„Goed," sê Nina. „Jy moet net roer. Ons fakkels brand uit."

In die een hand hou Rand die fakkel vas, met die ander hand en sy voete voel-voel hy nou om die skerp rotspunte. Hy vorder redelik vinnig en kom dan op 'n makliker plekkie uit waar hy kan staan. Hy besluit hy gaan nie verder voordat Nina ook eers hier is nie.

Hy skreeu vir haar om hom te volg en gaan sit intussen en steek 'n sigaret aan. Die vlam van die fakkel borduur spookagtige patrone op die swart rotswande. Dis so stil